**Wêreld Doeane Organisasie herverkies SARS Kommissaris by wyse van akklamasie**

Tshwane, 30 Junie 2024 - Die hoogste besluitnemingsliggaam van die Wêreld Doeane Organisasie (WCO), die WCO-raad, het SARS Kommissaris Edward Kieswetter vir 'n tweede termyn (2024 - 2025) as die WCO-voorsitter verkies.

Kommissaris Kieswetter het na sy herverkiesing gesê dat die WCO nog meer belangrik word gegewe die tegnologiese en groot data innovasies wat handeldryf fasiliteer, die groei van e-handel, asook wêreldwye onsekerhede wat in die geo-politiese landskap plaasvind.

Die sleuteloogmerke van die WCO en al sy ledelande is om regmatige handeldryf te begunstig, handel in onwettige en skadelike goedere te voorkom, en die veilige beweging van goedere en reisigers oor die wêreld se grense heen te verseker.

Almal weet dat doeane byeenbring waar grense onderskei. Maar die eenheid in die doeane-gemeenskap moet jeens 'n gemene transformerende doel bestuur word wat ekonomiese en maatskaplike welstand aan alle burgers van ledestate bring," het mnr. Kieswetter gesê.

Hy het gesê dat dit 'n eer is om weer vertrou te word om hierdie transformerende leierskap te verskaf aan so 'n lewensbelangrike organisasie soos die WCO te midde van heersende onstuimige tye. "Sentraal tot die rol van die WCO-voorsitter, is om te verseker dat die WCO-sekretariaat die kapasiteit en oriëntering het om die behoeftes van doeane-administrasies regoor die wêreld te dien," het Kommissaris Kieswetter gesê.

Vir meer inligting, kontak SARSMedia@sars.gov.za.